

## Die uitverkorenes



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

*Romeine 10, 11.*

#### Geheueteks:

“Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook ‘n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin” (*Rom. 11:1*).

**I**n hierdie week se les bestudeer ons Romeine 10 en 11 en fokus ons spesifiek op Hoofstuk 11. Dit is belangrik om beide hoofstukke as ‘n geheel te lees om Paulus se gedagtegang te kan volg. Hierdie twee hoofstukke was al, en is nog steeds die brandpunt van baie besprekings. Een punt is egter baie duidelik, en dit is God se liefde vir die mensdom en Sy groot begeerte dat almal gered moet word. Geen groep word uit die verlossingsplan uitgesluit nie. Romeine 10 maak dit baie duidelik dat “daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie” (*Rom. 10:12*) — almal is sondaars en almal het God se genade nodig soos wat dit deur Jesus Christus aan die wêreld gegee word. Hierdie genade is aan almal beskikbaar — nie deur burgerskap nie, nie deur geboorte nie, en nie deur die werke van die wet nie, maar deur geloof in Jesus wat as Plaasvervanger vir alle sondaars gesterf het. Rolspelers mag verander, maar die basiese plan van verlossing verander nooit nie. Paulus bly by hierdie tema in Hoofstuk 11. Soos voorheen genoem was, is dit belangrik om te verstaan dat wanneer Paulus oor verkiesing en roeping praat, dit nie oor verlossing gaan nie; dit gaan oor die taak wat verrig moet word in God se plan om die wêreld te bereik. Geen groep was al ooit verwerp om nie gered te word nie. Dit was nog nooit so nie. In plaas daarvan het die eerste gelowiges – beide Jood en nie-Jood – na die kruis en nadat die evangelie na die heidene versprei het (veral deur Paulus), die verantwoordelikheid aanvaar om die wêreld te evangeliseer.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 16 Desember.*

## Christus en die wet

**Lees Romeine 10:1–4. Deur alles wat voor hierdie hoofstuk genoem was in gedagte te hou, wat is die boodskap hier? Hoe kan ons in vandag se tyd in gevaar wees om daarna te streef om ons “geregtigheid” self tot stand te bring?**

---

---

---

Wettiesheid het baie vorme, sommige meer subtiel as ander. Diegene wat hulle saligheid self wil verdien, wat op hulle eie goeie daede, hulle dieet, hoe streng hulle die Sabbat hou, op al die slegte dinge wat hulle nie doen nie, of op die goeie dinge wat hulle reeds gedoen het, konsentreer — selfs met die beste bedoelings — loop hulle vas in wettiesheid. Ons moet elke oomblik God se heiligheid teenoor ons sondige toestand voor oë hou; dit is die beste manier om nie ons “geregtigheid” self te wil bekom nie, en sodoende teen die geregtigheid van Christus te werk nie. Romeine 10:4 is ‘n belangrike teksvers wat die kern van Paulus se hele boodskap aan die Romeine saamvat. Eerstens moet ons die konteks ken. Baie Jode het “hulle eie geregtigheid probeer oprig” (*Rom. 10:3*) en gestreef om “die geregtigheid wat uit die wet is” te bekom (*Rom. 10:5*). Maar met die koms van die Messias was die ware weg van geregtigheid geopenbaar. Geregtigheid was aan almal belowe wat in Christus geglo het. Hy was die een waarna die ou seremoniële offerstelsel vooruit gewys het.

Selfs as die Tien Gebooie in hierdie definisie van die wet ingesluit word, beteken dit nie dat die Tien Gebooie mee weggedoen was nie. Die sedewet toon ons ons sondes, ons foute, ons tekortkominge, en lei ons dus om ‘n behoefte aan ‘n Verlosser, ons behoefte aan vergifnis en ons behoefte aan geregtigheid, te besef — alles wat net in Jesus gevind kan word. In daardie sin is Christus die “einde” van die wet, daarom lei die wet ons na Hom en na Sy geregtigheid. Die Griekse woord vir “einde” hier is teloes wat ook as “einddoel” en “doelwit” vertaal kan word. Christus is die einddoel van die wet deurdat die wet ons na Jesus toe lei.

Om hierdie teksvers te vertolk as ‘n vers wat leer dat die Tien Gebooie – of spesifiek die vierde gebod (waarna daar eintlik verwys word)- nou afgeskaf is, is om tot ‘n gevolgtrekking te kom wat Paulus en die Nuwe Testament se lering, teenwerk.

**Is daar tye wat jy trots is op hoe goed jy is, veral in vergelyking met andere? Miskien is jy “beter”, maar wat daarvan? Vergelyk jouself met Christus, en dink dan oor hoe “goed” jy werklik is.**

## Die verkiesing van die genade

**Lees Romeine 11:1–7. Watter algemene lering weerspreek hierdie Skrifgedeelte duidelik en onherroeplik?**

---

---

---

In die eerste gedeelte van sy antwoord op die vraag, “Het God miskien sy volk verstoot?”, dui Paulus aan dat daar ‘n oorblyfsel is, ‘n “verkiesing van die genade”, as bewys dat God nie Sy volk verstoot het nie. Verlossing is beskikbaar vir almal wat dit aanvaar, beide Jood en nie-Jood. Dit behoort onthou te word dat die vroeë bekeerlinge na die Christendom almal Jode was – bv., die groep wat op Pynsterdag tot bekering gekom het. Dit het ‘n spesiale visioen en wonderwerk geneem om Petrus te oortuig dat die heidene ook toegang tot die genade van Christus gehad het (*Hand.10; vergelyk Hand. 15:7–9*), en dat die evangelie ook aan hulle uitgedra moes word.

**Lees Romeine 11:7–10. Sê Paulus hier dat God doelbewus die gedeelte van Israel se bevolking wat Jesus verwerp het, geblinddoek het vir verlossing? Wat is verkeerd met hierdie gedagte?**

---

---

---

In Romeine 11:8–10 haal Paulus uit die Ou Testament wat die Jode as gesaghebbend aanvaar het, aan. Die Skrifgedeeltes wat Paulus aanhaal, stel voor dat God aan Israel ‘n gees van diepe slaap gegee het wat veroorsaak het dat hulle nie gesien en nie gehoor het nie. Verblind God mense se oë om te voorkom dat hulle die lig sien wat hulle na verlossing sal lei? Nooit nie! Hierdie Skrifgedeeltes moet in die lig van ons verduideliking van Hoofstuk 9, verstaan word. Paulus praat nie van individuele verlossing nie, want daar is nie soiets dat God ‘n groep in geheel verwerp om nie verlos te word nie. Die kwessie hier, soos wat dit aldeur die geval was, gaan oor die rol wat hierdie mense in Sy werk moet vertolk.

**Wat is verkeerd met die idee dat God ‘n hele groep mense verwerp het wat hulle redding betref? Hoekom is dit teenstrydig met die evangelieboodskap waarvan die kern juis leer dat Christus vir alle mense gesterf het? Hoe, byvoorbeeld, wat die Jode betref, het hierdie idee tragiese gevolge gehad?**

## Die natuurlike takke

### Lees Romeine 11:11–15. Na watter groot hoop verwys Paulus in hierdie Skrifgedeelte?

---

In hierdie gedeelte vind ons twee ooreenstemmende uitdrukkings: (1) “hulle [die Israëliete se] volheid” (*Rom. 11:12*) en (2) “hulle [die Israëliete se] aanneming” (*Rom. 11:15*). Paulus het die “tekort” en die “verwerping” as tydelik gesien wat met volheid en aanneming vervang sou word. Hierdie is Paulus se tweede antwoord op die vraag wat aan die begin van Hoofstuk 11 gevra word, “Het God miskien sy volk verstoot?”. Wat na verwerping lyk, sê hy, is net ‘n tydelike situasie.

### Lees Romeine 11:16–24. Wat sê Paulus hier?

---

Paulus vergelyk die getroue oorblyfsel met ‘n wilde olyfboom waarvan sommige van die takke afgebreek is (die ongelowiges) – ‘n illustrasie wat hy gebruik om te bewys dat “God . . . sy volk nie verstoot [het] nie” (*Rom. 11:2*). Die wortel en die boom bestaan nog. Die gelowige heidene word op die boom ingeënt. Maar hulle onttrek hulle sap en lewenskrag van die wortel en “die vetigheid van die olyfboom” wat die gelowiges in Israel voorstel. Wat met hulle wat Jesus verwerp het gebeur het, kan ook met die gelowige heidene gebeur. Die Bybel het geen “eenmaal gered, altyd gered” leerstelling nie. Net soos wat verlossing vryelik aangebied word, net so kan dit vryelik verwerp word. Alhoewel ons versigtig moet wees om te dink dat elke keer wat ons sondig, ons nie meer verlos is nie, of dat ons nie gered is tensy ons volmaak is nie, moet ons die teenoorgestelde slaggat vermy – die gedagte dat as ons eenmaal God se genade gesmaak het, daar niks is wat ons kan doen, geen keuses wat ons kan maak wat die voorsiening van verlossing van ons sal kan wegneem nie. Op die ou einde sal net hulle wat “in die goedertierenheid bly”, (*Rom. 11:22*) gered word. Geen gelowige behoort in sy eie goedheid te roem nie, of enige meerwaardigheidsgevoel teenoor sy of haar medemens koester nie. Ons verlossing kom nie deur verdienste nie; dit was ‘n geskenk. In die teenwoordigheid van die kruis en die standaard van God se heiligheid, is ons almal gelyk: sondaars wat Goddelike genade nodig het, sondaars wat heiligheid nodig het wat net deur genade bereik kan word. Ons het niks om oor te roem nie; ons roem behoort net in Jesus te wees en in wat Hy vir ons gedoen het deur na hierdie wêreld as mens te gekom het en namens ons gely het, vir ons sondes gesterf het, aan ons ‘n voorbeeld gegee het oor hoe om ons lewens te lewe, en aan ons krag beloof het om daardie lewens te leef. Allesomvattend is ons geheel en al van Hom afhanklik, want sonder Hom het ons geen hoop behalwe wat hierdie wêreld aan ons bied nie.

## So sal die hele Israel gered word

**Lees Romeine 11:25–27. Watter groot gebeurtenisse voorspel Paulus hier?**

---



---



---

Christene het al eeuelank Romeine 11:25-27 bespreek en daaroor gedebatteer. Om mee te begin, hier gaan dit oor God wat na die Jode uitreik. Wat Paulus hier sê, is weereens ‘n antwoord op die vraag wat aan die begin van die hoofstuk gevra word: “Het God miskien sy volk verstoot?” Sy antwoord is natuurlik, “nee”, en sy verduideliking is (1) dat die blindheid (Grieks *porosis*, “verharding”) net “ten dele” is, en (2) dat dit net tydelik is, “totdat die volheid van die heidene ingegaan het”. Wat beteken “die volheid van die heidene”? Baie sien hierdie sinsdeel as ‘n skryfwyse om die volbrenging van die groot evangelie-opdrag aan die hele wêreld, te beskryf. “Die volheid van die heidene” tree in werking wanneer die evangelie die hele wêreld bereik het. Dan word Israel se geloof wat deur Christus geopenbaar is, algemeen aanvaar. Omdat die evangelie oor die hele wêreld verkondig is, is die koms van Jesus naby. Op hierdie tydstip neem baie Jode Jesus aan.

Nog ‘n moeilike frase is “die hele Israel [sal] gered word” (*Rom. 11:26*). Dit moet nie verklaar word dat elke Jood deur een of ander Goddelike verordening aan die einde van tyd almal verlossing deelagtig sal word nie. Nêrens praat die Skrif van universalisme nie, óf dat dit die hele menslike ras insluit, óf net ‘n spesifieke gedeelte daarvan nie. Paulus het gehoop om “sommige uit hulle [die Jode] [te kon] red” (*Rom. 11:14*). Sommige het die Messias aangeneem, en sommige het Hom verwerp, net soos dit met alle mensegroepe die geval is. In haar kommentaar oor Romeine 11 praat Ellen G. White van ‘n tyd “by die afsluiting van die evangelieverkondiging” wanneer “talle Jode . . . Christus deur die geloof as hulle Heiland [sal] aanneem”. — *Die Handeling van die Apostels*, bl. 300-301. “Daar is ‘n geweldige groot werk wat in die wêreld gedoen moet word. Die Here het verklaar dat die heidene ingebring sal word, en nie net heidene nie, maar ook Jode. Daar is baie Jode wat bekering sal ondervind en deur wie ons God se verlossingswonderwerk, soos ‘n lamp wat skyn, sal sien plaasvind. Daar is oral Jode aan wie die lig van die teenswoordige waarheid gebring moet word. Daar is baie onder hulle wat na die lig sal kom, en wat die onveranderlikheid van God se wet buitengewoon kragtig sal verkondig.” — *Evangelism*, bl. 578, (vrye vertaling).

**Dink na oor die Joodse oorsprong van die Christelike geloof. Hoe kan ‘n selektiewe studie van die Joodse godsdiens jou help om jou Christelike geloofsbelydenis beter te verstaan?**

## As Ek hulle sondes wegneem

Paulus se liefde vir sy eie mense kom baie duidelik na vore in Romeine 11:25–27. Dit moes vir hom baie moeilik gewees het om te ondervind hoe sommige van sy eie mense teen hom en teen die waarheid van die evangelie geveg het. En tog, te midde van alles, het hy steeds geglo dat baie van hulle Jesus as die Messias sou aanvaar.

**Lees Romeine 11:28–36. Hoe dui Paulus God se liefde, nie net vir die Jode nie, maar vir die hele mensdom hier aan? Hoe beskryf hy die wonderbaarlike en geheimenisvolle krag van God se genade hier?**

---

---

Alhoewel daar 'n kontras tussen Jode en nie-Jode gemaak word, is een punt regdeur Romeine 11:28–36 duidelik: God se vergifnis en liefde en genade word op sondaars uitgestort. Selfs voor die grondlegging van die wêreld was dit God se plan om die mensdom te red en om ander menslike wesens, selfs nasies, as instrumente in Sy hande te gebruik om Sy Goddelike wil te volbring.

**Lees Romeine 11:31 versigtig en biddend. Watter belangrike gedagte behoort ons uit hierdie teksvers te neem om nie net teenoor Jode te getuig nie, maar teenoor alle mense met wie ons in aanraking kom?**

---

Daar is geen twyfel dat as die Christelike Kerk deur die eeue die Jode beter behandel het, daar baie meer van hulle die Messias sou leer ken het. Die groot afval gedurende die eerste eeue na Christus, en die heidense gebruike waarin die Christendom verval het, — wat ook die verwerping van die sewende dag, Sabbat, ten gunste van Sondag ingesluit het — het dit definitief nie makliker vir 'n Jood gemaak wat dalk na Jesus toe getrek sou word nie. Hoe uiters belangrik is dit dan nie dat alle Christene, deur te besef watter groot geskenk hulle in Jesus se vergifnis ontvang het, dieselfde genade aan andere moet bewys nie. Ons kan nie Christene wees as ons nie dieselfde genade wat ons ontvang het, ook aan andere bewys nie (*sien Matthëus 18:23–36*).

**Is daar iemand aan wie jy genade moet bewys wat dit dalk nie verdien nie? Hoekom is jy hierdie persoon nie genadig nie, al is dit ook hoe swaar om dit te doen? Is dit nie wat Jesus vir ons gedoen het nie?**

---

**Vir verdere studie:**

Lees Ellen G. White, “Voor die Sanhedrin,” bl. 63–65; “Van Vervolger tot Dissipel,” bl. 91-93; “Uit Rome Geskryf,” bl. 372-374, in *Die Handeling van die Apostels*; “*Reaching Catholics*,” bl. 573–577, in *Evangelism*; “What to Preach and Not to Preach,” bl. 155-156, in *Selected Messages*, boek I. “Ondanks Israel as nasie gefaal het, het daar nogtans onder hulle ‘n aansienlike oorblyfsel gebly van hulle wat gered sou word. Tydens die koms van die Heiland was daar getroue manne en vroue wat die boodskap van Johannes die Doper met blydschap ontvang en hulle gevolglik tot ‘n nuwe ondersoek van die profesieë aangaande die Messias gewend het. Toe die eerste Christelike gemeente gestig is, was dit saamgestel uit daardie getroue Jode wat Jesus van Násaret herken het as die Een na wie se koms hulle so verlangend uitgesien het.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 297. “Daar is sommige onder die Jode wat soos Saulus van Tarsus magtig in die geskifte is, en hulle sal die onveranderlikheid van die wet van God met wonderbare krag verkondig . . . Indien Sy dienaars in geloof vir diegene werk wat lank verwaarloos en verag is, sal Sy verlossing geopenbaar word.” — bl. 301. “By die afsluiting van die evangelieverkondiging wanneer daar ‘n spesiale werk gedoen sal word vir klasse van mense wat tot nog toe verwaarloos is, verwag God dat Sy boodskappers veral in die Joodse volk wat hulle in alle dele van die wêreld sal aantref, moet belangstel. Wanneer die geskifte van die Ou Testament tesame met die van die Nuwe Testament gebruik word om die ewige planne van Jehova te verduidelik, sal dit vir talle Jode soos die aanbreek van ‘n nuwe skepping wees, die opwekking van die siel. Wanneer hulle die Christus van die evangeliebedeling op die bladsye van die Ou-Testamentiese Skrifte uitgebeeld sien, en besef hoe duidelik die Nuwe Testament die Ou Testament vertolk, sal hulle sluimerende vermoëns ontwaak, en dan sal hulle Christus as die Verlosser van die wêreld herken. Talle sal Christus deur die geloof as hulle Heiland aanneem.” — bl. 300-301.

**Vrae vir bespreking:**

1. Wanneer God se wet, en veral die Sabbat, ter sprake kom gedurende die laaste dae, is dit nie logies om te dink dat die Jode – baie van hulle wat die Tien Gebooie net so ernstig opneem as wat Adventiste dit doen — ‘n rol sal vervul om te help om sommige strydvrae ten aanskoue van die wêreld, op te los nie? Per slot van rekening, wat Sabbatonderhouding betref, is Adventiste nie “die nuwe intrekke in die buurt” in vergelyking met die Jode nie? Bespreek.
2. Hoekom behoort die Adventiste Kerk die suksesvolste te wees van al die kerke om na Jode uit te reik? Wat kan jy of jou plaaslike kerk doen om na Jode in julle gemeenskap uit te reik?
3. Wat kan ons leer uit die foute wat baie in antieke Israel gemaak het? Hoe kan ons voorkom om dieselfde dinge te doen in die tyd waarin ons leef?

